VOORWAARDES & BEPALINGS van die algemene pryse/geskenke op Ontbytsake:

1. Die reëls en inligting van hierdie kompetisieblad maak deel uit van die voorwaardes en bepalings van deelname en inskrywing aan enige van ONTBYTSAKE se pryse/geskenke.
2. Deelname om in aanmerking te kom vir die pryse/geskenke vereis dat ‘n persoon ‘n sms met sy naam, adres en ‘n kodewoord (wat weekliks op die program aangekondig word en op die webwerf beskikbaar is) na 34084 stuur.
3. Smsse kos R2,00 en gratis of bondel-smsse geld nie.
4. Deelname aan die pryse/geskenke impliseer aanvaarding van alle bepalings, reëls en voorwaardes.
5. Enige persoon wat ‘n werknemer van ONTBYTSAKE of van die Borg of 'n eggenoot, lewensmaat, ouer of familielid (insluitend aangeneem en aangetroud), of enige sakevennoot of assosiaat van ‘n persoon wat hierbo genoem is, mag nie deelneem nie.
6. Deelname aan die pryse/geskenke veronderstel toestemming om deur ONTBYTSAKE gekontak te word.
7. Deelname aan die pryse/geskenke veronderstel ook dat inligting van die deelnemer gebruik kan word vir verdere publisiteitsdoeleindes.
8. Die promotor is ONTBYTSAKE. Indien wetgewing of verandering aan wetgewing dit vereis, sal ONTBYTSAKE die reg voorbehou om ‘n promosie onmiddellik en sonder kennisgewing te beëindig. In die geval van sodanige beëindiging, stem alle deelnemers in om afstand te doen van enige regte wat hulle kragtens hierdie promosie het, asook dat hulle geen regseis teen ONTBYTSAKE of die borg sal indien nie.
9. Alle pryse/geskenke se sluitingsdatum is op ‘n Vrydagoggend, ses dae na die prys/geskenk die eerste keer aangekondig is, behalwe waar daar spesifiek anders aangekondig word op die program.
10. Pryse/geskenke kan nie vir kontant omgeruil word nie.
11. Wenners word lukraak en elektronies getrek uit sms-inskrywings wat na Mnet gestuur word met die nommer 34084.
12. Wenners sal op ONTBYTSAKE aangekondig word op Saterdae, ‘n week na die spesifieke prys/geskenk aangekondig is.
13. Wenners sal telefonies in kennis gestel word op die Maandag na die aankondiging op die program.
14. As ons nie ‘n persoon binne drie weke nadat die wenners aangekondig is in die hande kan kry nie, verbeur hy/sy die prys/geskenk.
15. Die pryse sal per koerier aan die wenners besorg word en kan tot twee weke neem.
16. Alle deelnemers vrywaar ONTBYTSAKE, sowel as die borg van alle skade en/of koste voortspruitend uit eise wat die deelnemer mag hê of opdoen deur deelname aan die kompetisie en/of die benutting van die pryse.
17. Die keuse van wenners is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.